**Dinsdag 28 Julie**
**Skrifgedeelte: Nahum 1:1-13**
**Fokusgedeelte: Nahum 1:3 (AFR2020)**
**Die wraak van ons lankmoedige God**

Nahum verkondig die Here se oordeel oor die goddelose Assiriese hoofstad Nineve. God se optrede word verduidelik deur die beskrywing van sy Wese: *"Die Here is geduldig, maar geweldig sterk. Die Here laat beslis niks ongestraf nie"* (1:3).

Sy geregtigheid en genade word beskryf – wesenseienskappe wat verskillende kante van dieselfde muntstuk is. In geregtigheid oordeel die Here oor die sonde. Dit is soos 'n donderstorm en orkaan; 'n vuur wat rotse uitmekaar laat spat; 'n vloedgolf wat vernietig. Hy vee goddeloses voor Hom weg. Nineve sou hierdie wraak van God beleef toe vyandige weermagte en 'n vloed die stad in 612 vC onherstelbaar verwoes het. Nog erger – die volle krag van sy oordeel sien ons in die skrikwekkende lyding wat Christus moes verduur vir ons sondes. Hierdie toorn van God moet respek en bekering by ons bewerk.

Maar die groter motiveerder om God met ontsag te dien is sy ontsaglike geduld met ons. Hy is in sy Wese geduldig – veel meer as 'n mens. Wie in geloof hulleself in Christus se arms werp, vind skuiling en 'n ankerplek in die Here se lankmoedigheid. Geduldig sien Hy ons gebrokenheid aan, ons trane en worsteling met ons eie gebrokenheid, en Hy hoor ons noodroepe. Geen wonder dat God se toorn so groot is oor die goddelose nie, want hulle draai die rug op Hom; hulle verwerp sy onbeskryflike geduld en goedheid.

So kom daar skeiding tussen mense: wie op Hom vertrou, leef uit sy lankmoedige liefde. Wie Hom verwerp, word verteer deur sy toorn. In die oordeel oor die bose vind gelowiges ook troos (1:12-13). Soos Hy sy volk van Nineve bevry het, so sal Hy ons bevry van die bose. Ons lewe word oorspoel deur geweld, onreg, bedrog en haat, maar God sal oor die bose oordeel. Hy sal die juk van die bose, wat op elke gelowige lê, breek.

*Sing: Psalm 66-1:3, 8*

*Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)*